Suid-Afrikaanse Regskommissie
South African Law Commission

VERSLAG **19**

BETREFFENDE 'N ONDERSOEK NA DIE BEWYSLAS BY VERVOLGINGS WEENS OMKOPERY

G.P.-S. (F-B)

SUID-AFRIKAANSE REGSKOMMISSIE

AAN SY EDELE J.T. KRUGER, MINISTER VAN JUSTISIE

Die Suid-Afrikaanse Regskommissie het 'n voorstel dat die bewyslas by omkopery in bepaalde gevalle op die beskuldigde geplaas word, ondersoek. Ek het die eer om kragtens artikel 7(1) van die Wet op die Suid-Afrikaanse Regskommissie, 1973, die Kommissie se aanbeveling hiermee aan u voor te lê.

DH Botha
VOORSITTER
26.8.1975.

SUID-AFRIKAANSE REGSKOMMISSIE

VERSLAG

BETREFFENDE 'N ONDERSOEK NA DIE BEWYSLAS BY VERVOLGINGS WEENS OMKOPERY

1. Die Voorsitter van die Kommissie van Ondersoek na die omstandighede betreffende die toekenning van sekere kontrakte aan Faros and Co. (Pty) Ltd en Faros Shipping Enterprises (Pty) Ltd deur die Suid-Afrikaanse Spoorwegadministrasie het die Departement Justisie versoek om oorweging te skenk aan die verskuiwing van die bewyslas in bepaalde omstandighede om die bewys van omkopery te vergemaklik. Daar is verwys na De Wet en Swanepoel: Die Suid-Afrikaanse Strafreg, bls. 600, waar die opsetsvereiste by omkopery soos volg uiteengesit word:

> "Die opset by passiewe omkopery moet bestaan in die oogmerk eie bevoordeling vanweë pligsversaking. By aktiewe omkopery bestaan dit in die oogmerk eie bevoordeling of bevoordeling van iemand anders deur die amptenaar se doenigheid."

Daar is voorts gemeld dat die beamptes wat by die genoemde ondersoek betrokke was deurgaans gepoog het om die Kommissie

2/ ....

te verseker dat die geld deur hulle ontvang, hulle geensins beïnvloed het in die uitvoering van hulle pligte nie. Die getuienis het egter die teendeel bewys. Die genoemde Voorsitter het betoog dat daar regverdiging voor bestaan om die bewyslas ten opsigte van die genoemde element van omkopery na die beskuldigde te verskuif. Die verskuiwing van die bewyslas sal nie alleen die bewys van omkopery vergemaklik nie, maar sal ook andere van die pleging van die misdryf afskrik. By wyse van analogie is verwys na artikel 2 van die Prevention of Corruption Act, 1916 van Engeland wat op soortgelyke omstandighede betrekking het. Daar is ook verwys na 'n opmerking wat die Voorsitter van die Kommissie van Ondersoek na beweerde onreëlmatighede betreffende die biblioteekdiens van die Kaapse Provinsiale Administrasie in 1963 gemaak het, naamlik:

> "... dat oorweging daaraan geskenk word om die bewyslas in 'n beperkte mate te wysig deur te bepaal dat indien die Staat in 'n strafsaak sou slaag om die oorbetaling van 'n finansiële of ander voordeel te bewys, die onus sal oorgaan op die beskuldigde om te bewys dat sodanige ontvangs van 'n voordeel nie korrupsie of 'n ander strafregtelike oortreding behels nie."

2. Die Departement Justisie was van oordeel dat die voorstel 'n drastiese afwyking van ons bestaande reg behels en

3/ ....

het dit weens die omstrede aard daarvan na die Kommissie vir ondersoek verwys. Met die goedkeuring van Sy Edele die Minister van Justisie is die aangeleentheid op die Kommissie se program geplaas.

3. In die eerste plek moet daarop gewys word dat by 'n aanklag van die onderhawige aard daar nie bewys hoef te word dat die ontvangs van 'n voordeel of geskenk die amptenaar by die uitvoering of versuim van 'n ampsplig beïnvloed het nie. Omkopery bestaan daarin dat, in die geval van die omkoper, hy 'n geskenk of voordeel aan 'n amptenaar gee of aanbied in ruil daarvoor dat die amptenaar in sy amptelike hoedanigheid iets doen of nalaat en, in die geval van die amptenaar, dat hy 'n geskenk of voordeel ontvang in ruil vir die doen of nalaat van 'n handeling in sy amptelike hoedanigheid. Die kern van die misdaad is die opset waarmee die geskenk of voordeel aan die een kant gegee of aangebied word en aan die ander kant deur die amptenaar ontvang word, naamlik die korrupte motief. Dit is nie noodsaaklik dat die amptenaar die bedoeling moet hê om die wens van die gewer uit te voer nie. Indien hy die voordeel ontvang wetende dat dit met 'n korrupte bedoeling gegee is, dan het hy die opset wat hom aan omkopery skuldig maak.[1)]

---

1) S. v. Van der Westhuizen, 1974(4) SA 61(C);
S. v. Roets, 1954(3) SA 512(A);
S. v. Gouws, 1975(1) SA 1(A).

4.1 Artikel 2 van die Prevention of Corruption Act, 1916 van Engeland waarna verwys is, lui soos volg:

> "Where in any proceedings against a person for such an offence or for an offence under the Prevention of Corruption Act, 1906, it is proved that any money, gift or other consideration has been paid or given to or received by a person in the employment of Her Majesty or any government department or a public body by or from a person, or his agent, holding or seeking to obtain a contract, the money, gift or consideration is deemed to have been paid or given and received corruptly unless the contrary is proved."

4.2 Daar moet op gelet word dat 'n mens hier bloot te doen het met die weerlegging van 'n vermoede en dat die betrokke bepaling beperk is tot daardie gevalle waar die beweerde omkoper in 'n kontraktuele verhouding tot die Staat staan of poog om so 'n verhouding te bewerkstellig.

5.1 Dit is 'n gevestigde beginsel van ons reg dat iemand wat van 'n misdryf aangekla word, geag word onskuldig te wees totdat die teendeel bo redelike twyfel bewys is. Dit is ook 'n gevestigde beginsel van ons reg dat die las om elke element van 'n misdaad te bewys op die Staat rus, tensy uitdruklik by wet anders bepaal.[2] Van hierdie beginsel word nie sonder gegronde redes afgewyk nie.

---

2) R. v. Ndlovu, 1945 A.D. 369.

5.2 Oor die vraag of daar gegronde redes bestaan waarom die bewyslas ten opsigte van enige van die elemente van die misdaad omkopery op die beskuldigde geplaas moet word, is die mening van die prokureurs-generaal en 'n aantal hooflanddroste ingewin. Die oorgrote meerderheid van diegene wat kommentaar gelewer het, is van mening dat daar geen noodsaaklikheid bestaan om die bewyslas by omkopery in enige opsig op die beskuldigde te plaas nie. Trouens, die meeste van hulle is sterk teen so 'n stap gekant. Uit die kommentaar blyk dat daar in die praktyk nie veel probleme met die bewys van omkopery ondervind word nie. Normaalweg kan die bedoeling waarmee 'n geskenk aan 'n amptenaar gegee of deur hom ontvang is van die omliggende omstandighede afgelei word sodat die getuienis prima facie 'n korrupte bedoeling bewys wat deur die beskuldigde weerlê moet word om veroordeling vry te spring. Indien die bewese feite nie die afleiding van 'n korrupte bedoeling regverdig nie het die Staat nie daarin geslaag om 'n prima facie saak uit te maak nie en sou daar niks vir die beskuldigde wees om te weerlê nie. Om in so 'n geval 'n bewyslas op die beskuldigde te plaas, sou 'n afwyking van die beginsel van onskuld wees. Om die bewyslas aan te wend bloot om makliker 'n prima facie saak uit te maak, hou die gevaar in dat talle onskuldige persone voor die hof gedaag sou kon word om te kom bewys dat die een of ander geskenk

6/ .....

wat hulle ontvang of gegee het, nie met 'n korrupte bedoeling ontvang of gegee is nie.

6. Die afskrikkingswaarde wat die verskuiwing van die bewyslas by omkopery na die beskuldigde moontlik kan hê, kan nie as 'n gegronde rede vir die verskuiwing van die bewyslas aanvaar word nie. Dit is in die eerste plek nie die funksie van die bewysreg om as afskrikmiddel teen die pleeg van 'n misdaad te dien nie. Bowendien sal die afskrikwaarde wat so 'n bewysregreël moontlik mag hê, waarskynlik betreklik gering wees en nie opweeg teen die moontlike benadeling wat dit vir die beskuldigde mag inhou nie.

AANBEVELING

7. Die Kommissie het bevind dat daar geen behoefte bestaan om die bewyslas by omkopery in enige opsig op die beskuldigde te plaas nie en beveel aan dat die bestaande posisie onveranderd gelaat word.